Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## HANDELSREG N5

## 12 JUNIE 2019

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


## ALGEMENE OPMERKINGS

1. Die antwoorde in hierdie nasienriglyn moet slegs as riglyn gebruik word en moet nie as die enigste korrekte antwoord/e beskou word nie. Punte moet nog steeds vir 'n kandidaat se antwoord toegeken word, mits die antwoord 'n soortgelyke betekenis/idee bevat. Begripsverskille kan voorkom en die eksaminator moet geraadpleeg word waar daar onsekerheid voorkom tydens 'n nasienbespreking.

2. Antwoorde moet te alle tye in volsinne wees wanneer dit uitdruklik versoek word en in die vraestel so gestel word. As antwoorde nie volledig beskryf, gedefinieer of ontleed word nie, kan volpunte nie vir 'n kandidaat se antwoord/e toegeken word nie. Vir spesifieke detail moet elke vraag noukeurig ondersoek word. LET WEL: GEEN halfpunte word toegeken nie.

3. As 'n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, moet SLEGS DIE EERSTE VIER VRAE, WAT DIE VERPLIGTE VRAAG INSLUIT, nagesien word. As die kandidaat meer as VIER vrae in totaal oorskry het, moet die vyfde (laaste) vraag geskrap word deur 'n rooi streep oor daardie gedeelte van die antwoordskrif te trek.

   Die nasiener moet sy/haar besluit aandui om nie die betrokke vraag na te sien nie deur die volgende verklaring aan die einde van daardie vraag te skryf. Teken en voeg die datum daarna by.

   'DIE KANDIDAAT HET MEER AS DIE VEREISTE AANTAL VRAE BEANTWOORD (RAADPLEEG EKSAMENINSTRUKSIES 1 EN 2).'

   Indien daar enige onsekerheid is, moet die eksaminator geraadpleeg word.

4. Daar mag onder geen omstandighede met ENIGE grensgevalle (ruwe telling van 76 tot 79 uit 200) gepeuter word nie. MOENIE die punte eensydig aanpas nie. Skryf 'n aanvullende verklaring in u nasienersverslag en laat die aanpassing van punte aan die modereringsproses oor. 'n Praktiese of semesterpunt moet nog by hierdie ruwe puntetelling gevoeg word.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1
1.1.1 Estoppel
1.1.2 Vriendelike sekwestrasie
1.1.3 Promotor
1.1.4 Samewerkingsooreenkoms
1.1.5 Dividend

(5 × 2) (10)

1.2
1.2.1
- Verbeteringsretensiereg
- Verrykingsretensiereg
- Skuldenaar-en-skuldeiser-retensiereg

1.2.2 Medeborge

1.2.3 Staat van bates

1.2.4 Twintig

1.2.5
- Ononderbroke
- Geregtelike eiendomsreg ('Judicial ownership')

1.2.6 Regspersoonlikheid

1.2.7 Stigtingsverklaring

1.2.8
- Versekerde/Gedekte bates ('Secured assests')
- Vrye oorskot

1.2.9
- Gemagtigde
- Verteenwoordiger

1.2.10 Konkurrente

(15 × 2) (30)

1.3
1.3.1 Onwaar
1.3.2 Onwaar
1.3.3 Onwaar
1.3.4 Waar
1.3.5 Onwaar

(5 × 2) (10)
**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1
- Moet 'n geldige vennootskapsooreenkoms wees en aan vereistes voldoen
- Aantal vennote: Minimum 2 en maksimum 20 persone
- Bydrae deur elke vennoot: Eiendom/geld/arbeid/dienste/vaardighede of kennis
- Vennootskap se doelwit is om die belange van al sy lede te bevorder
- Doel is om wins te maak waarin die vennote hoop om te kan deel

(Enige 4 × 2) (8)

2.2
- Die bevoegdheid om die vennootskap te verteenwoordig, moet teenwoordig wees – vennote moet behoorlik gemagtig word om die vennootskap te bind aan kontrakte/regshandelinge (uitdruklike of stilswyende magtiging/gesag)
- Gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van elke vennoot moet duidelik wees. (2 × 2) (4)

2.3
- Mandaatkontrak/deur ooreenkoms
- Estoppel/Oënskynlike gesag
- Regswerking
- Deur middel van/by wyse van bekragtiging/ratifikasie
- Magtiging/Gesag word geïmpliseer op die feite (Enige 4 × 2) (8)

2.4 Vrywillige oorgawe:
- Skuldenaar doen aansoek by hof
- om bevel vir sekwestrasie van boedel (2 × 2)

Verpligte sekwestrasie:
Een skuldeiser met 'n eis van R100 of meer of twee of meer skuldeisers met eise van R200 of meer
OF hul agent/verteenwoordiger doen aansoek by die hof om 'n sekwestrasiebevel van die boedel (2 × 2)

(4 × 2) (8)

2.5
2.5.1 Faktor/Handelsagent
2.5.2 Afslaer
2.5.3 Makelaar

(3 × 2) (6)

2.6
2.6.1 Nee
Dit is 'n gewone geval van 'n skuldenaar wat vertoë rig dat betaling verminder word as gevolg van finansiële probleme.

2.6.2 Ja
Die verwydering van jou bates van 'n besigheidsplek is 'n sterk aanduiding van 'n handeling om te vermy om skuldeisers te betaal en is 'n daad van insolvensie.

2.6.3 Ja
Deur aan te bied om sommige of alle skuldeisers 'n sekere bedrag geld te betaal ter vereffening van skuld kan skuldeisers benadeel en is 'n daad van insolvensie.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.6.4 Ja
So 'n handeling is 'n sterk aanduiding van 'n daad van insolvensie aangesien Pieter daardie skuldeiser bevoordeel bo sy ander skuldeisers (as daar meer as net hierdie een skuldeiser is).
(4 × 2) (8)

2.7
- Elke vennoot moet bydra wat hy of sy belowe het om te gee.
- Kan in die vorm van geld en/of arbeid en/of werksaamheid ('industry') wees
- Kan ook goedere/sake in klinkende munt en/of vaardigheid wees
- Moet alle vrugte/aanhangsels oorhandig wat deur goedere voortgebring word vanaf die datum van belofte tot die datum van bydrae (4 × 2) (8)

**[50]**

**EN/OF**

**VRAAG 3**

3.1
- JA, 'n BK het regspersoonlikheid of is 'n regspersoon.✓
- Verduideliking: Die Wet op Beslote Korporasies bepaal dat 'n BK die bevoegdheid en al die gesag van 'n natuurlike persoon het, met ander woorde, 'n BK kan sake doen en kontrakte sluit (regtens bindende ooreenkomste) met ander persone.✓✓ (3)

3.2

| | | **BESLOTE KORPORASIES** | **VENNOOTSKAP** |
|---|---|---|---|
| 3.2.1 | Regspersoonlikheid | Ja, hy kan onafhanklik sonder sy lede bestaan.✓ | Nee, kan nie sonder sy lede bestaan nie.✓ |
| 3.2.2 | 3.2.2 Aanspreeklikheid vir ondernemingskulde | Aanspreeklik vir sy eie skulde, nie vir die lede se skulde nie✓ | Vennote is gesamentlik en afsonderlik vir vennootskapskulde aanspreeklik✓ |
| 3.2.3 | Gevolg van lidmaatskapverandering | Is ewigdurend solank lidmaatskap nie meer as tien in totaal oorskry nie✓ | Sodra daar enige verandering in totale aantal vennote is (2-20 vennote), word dit ontbind totdat lidmaatskapkwessie opgelos is✓ |
| 3.2.4 | Verantwoordelikheid om vertrouensplig uit te oefen | Elke lid het hierdie verantwoordelikheid teenoor mekaar in die BK✓ | Elke vennoot moet die plig van goeie trou in die vennootskap toon✓ |
| 3.2.5 | Indiening van jaarlikse inkomstebelasting-opgawes | BK as onderneming dien belastingopgawe jaarliks in nadat uitkerings aan lede gemaak is✓ | Vennootskap dien nie inkomstebelastingop-gawes in nie,maar individuele vennote wat in wins deel word persoonlik belas✓ |

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.3
- Lid moet eerlik en te goeder trou optree teenoor die korporasie.
- Lid moet sy/haar bestuurs- en verteenwoordigingsbevoegdhede in belang van en tot voordeel van die korporasie uitoefen
- Lid moet enige wesenlike botsing tussen sy/haar eie belange en dié van die korporasie vermy
- Lid mag nie enige persoonlike ekonomiese voordeel ontvang waarop hy/sy nie geregtig is op grond van sy/haar lidmaatskap van of diens aan die korporasie nie
- Lid mag nie met die korporasie meeding in sy sake-aktiwiteite nie
- Moet elke lid by die vroegste geleentheid in kennis stel van die aard en omvang van enige wesenlike belang wat hy/sy moontlik by enige kontrak van die korporasie kan hê
- As lid die vertrouensplig skend, is hy/sy aanspreeklik teenoor die korporasie vir enige verlies wat die korporasie gely het of enige ekonomiese voordeel wat hy/sy ontvang het
- As 'n lid versuim om kennis te gee van sy/haar belang by 'n kontrak van die korporasie, is die kontrak VERNIETIGBAAR op aandrang van die korporasie.
- As die korporasie verkies om nie gebonde te wees nie, maar by aansoek besluit 'n hof dat die korporasie gebonde moet wees, mag die hof sodanige bevel uitreik
- Alle lede mag 'n daaropvolgende verbreking van 'n lid se vertrouensplig bekragtig, behalwe waar 'n lid nie sy/haar bestuursbevoegdheid in belang van die korporasie uitgeoefen het nie. (Enige 6 × 2) (12)

3.4 3.4.1
- Nee
- Ingevolge 'n direkteur se vertrouensplig, soos uiteengesit in die Maatskappywet 71 van 2008, het mev Baleni (as direkteur) haar plig verbreek, aangesien daar 'n duidelik botsing van belange in hierdie geval is.
- Mev Baleni mag nie haar posisie as direkteur misbruik om voordeel vir haarself te bekom en daardeur willens en wetens skade vir die maatskappy veroorsaak nie. (2 × 2) (4)

3.4.2 Sy het nie haar plig nagekom om 'n botsing van belange te voorkom nie en het nie te goeder trou (bona fide) opgetree nie. (2)

3.4.3
- Regsmiddels vir aandeelhouers: Hulle kan daarop aandring dat die verkoop van die plaas aan mev Baleni tersyde gestel of gekanselleer word. Ingevolge die Maatskappywet kom haar optrede neer op 'n duidelike botsing van belange (omdat sy die plaas gekoop het wat vir die maatskappy aangebied is) en die kontrak is VERNIETIGBAAR, met ander woorde, die transaksie mag tersyde gestel word as die aandeelhouers dit verkies.
- Die aandeelhouers mag 'n aksie vir skadevergoeding teen mev Baleni (direkteur) instel vir die R2 miljoen wat die maatskappy moes betaal om die plaas by haar te koop. (2 × 2) (4)

3.5 3.5.1 Voorreg van uitskudding/Beneficium excussionis (2)

3.5.2 Jou vriend (borg) mag eis dat die skuldeiser (Bank X) eers regstappe doen teen die hoofskuldenaar (vriend se vrou) vir betaling voordat die skuldeiser (Bank X) jou vriend vir betaling nader.✓✓

Waar die skuldeiser se aksie teen die skuldenaar onsuksesvol is, is die borg (jou vriend) aanspreeklik vir die skuld plus enige regskoste.✓ (3)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.6 Drie gevolge van insolvensie:

- Geldelike (finansiële) gevolge
- Insolvent mag nooit weer sekere ampte beklee nie
- Insolvent mag nie gedurende die sekwestrasietydperk kontrakteer of litigeer sonder toestemming van die kurator nie
- Daar kleef 'n sosiale stigma aan insolvensie en kan die insolvent se
- toekomstige beroep benadeel. (Enige 3 × 2) (6)

3.7 Betekenis van vernietigbare beskikkings:

Indien die insolvent ooreenkomste met sekere skuldeisers sluit wat hulle bo ander skuldeisers bevoordeel, is sodanige handelinge/reëlings VERNIETIGBAAR, en wanneer dit ontdek word, sal al hierdie handelinge herroep word. (1 × 2)

EEN VOORBEELD: Beskikking sonder teenwaarde OF
Vernietigbare voorkeure OF
Onbehoorlike voorkeure (1 × 2)

(Enige 2 × 2) (4)

**[50]**

**EN/OF**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 Dit is die dokument wat die interne/huishoudelike sake van die maatskappy reël. (2)

4.1.2

- Moet in die voorgeskrewe vorm wees en deur elke ondertekenaar en getuie daarby van die memorandum geteken word
- Elke ondertekenaar moet sy/haar volle naam/name, beroep. woon- en posadres gee.
- Moet geregistreer word en kan gewysig word (verskille tussen maatskappye)
- As vorms nie verander word om wese van daardie tipe maatskappy te weerspieël nie (bv. maatskappy met privaat of openbare aanspreeklikheid), hou die maatskappy op om as sodanig sake te doen (4 × 2) (8)

4.1.3 Dit beheers onder ander die

- uitreiking en oordrag van aandele
- verandering van kapitaal
- leenbevoegdhede
- vergaderings
- direkteure en hul bevoegdhede
- dividende
- rekeninge (Enige 3 × 2) (6)

4.2

- Is ingestel op rehabilitasie van die sukkelende maatskappy
- Om die finansieel sukkelende maatskappy te help om sy sake reg te ruk onder beheer van geregtelike bestuur
- Om weer 'n suksesvolle firma te word en verdere wanbestuur te voorkom

(Enige 2 × 2) (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.3 Moet die nodige sorg en vaardigheid aan die dag lê in die uitvoering van sy bevoegdhede
Moet sy kennis en vaardigheid toepas in die behartiging van die maatskappy se sake
Moet toegelaat word om te delegeer aan bekwame persoon/persone en mag, by gebrek aan enige suspisie, aanvaar dat hy hierdie plig nagekom het (3 × 2) (6)

4.4 VIR VENNOTE: Kan gesamentlik en afsonderlik vir vennootskapskuld gedagvaar word
Vennote se mandate word gekanselleer/beëindig
Plig om aan oorblywende vennote verslag te doen
VIR BUITESTANDERS: As skuldeisers mag hulle vennote gesamentlik/afsonderlik vir skuld dagvaar. (Enige 2 × 2) (4)

4.5
- Die maatskappy erf die vorige BK se geskiedenis, in sekere sin.
- (Verandering van naam in regsin, bv. moet by KMIE gedoen word)
- ALLE bestaande kontrakte en/of hangende dagvaardings vir skuld/hofsake gaan oor na die maatskappy
- Moet alle lede en skuldeisers oor huidige toedrag van sake inlig (3 × 2) (6)

4.6
- Sekwestrasieproses word beëindig
- Insolvent word bevry van alle diskwalifikasies wat uit sekwestrasie voortgespruit het
- ALLE skulde van die insolvent voor sekwestrasie (met uitsluiting van bedrog) word uitgewis (Enige 2 × 2) (4)

4.7 4.7.1 Die plig om volledig rekenskap aan sy prinsipaal te gee

4.7.2 Moet sy mandaat met sorg, toewyding en vaardigheid uitvoer

4.7.3 Die plig om nie nalatig op te tree nie en om sy mandaat uit te voer of te alle tye te goeder trou op te tree

4.7.4 Die plig om die uiterste goeie trou uit te oefen in die uitvoering van sy pligte

4.7.5 Die plig om die uiterste goeie trou uit te oefen in die uitvoering van sy pligte

(5 × 2) (10)
**[50]**

**EN/OF**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 5**

5.1

- Gewone aandele:
  Dividende word ontvang nadat voorkeuraandeelhouers hul dividende ontvang het.
- Uitgestelde/Los aandele:
  Dividende kan slegs ontvang word as gewone aandeelhouers 'n voorgeskrewe minimum dividend ontvang het
- Voorkeuraandele:
  Ontvang eerste dividende en word uitgedruk as 'n vaste % van die nominale waarde van die aandele OF
  Slegs geregtig op dividende as wins beskikbaar is vir verdeling en 'n dividend verklaar is in ooreenstemming met met die statute.

(1 punt vir klas + 3 punte vir klassifikasie) (3 × 4) (12)

5.2 5.2.1

- Beskrywing van die verbandeiendom
- Rente (%) betaalbaar deur die skuldenaar of verbandgewer
- Manier waarop geleende kapitaal terugbetaal sal word
- Tydperk waaroor die verband vereffen/afbetaal sal word
- Regte van die verbandhouer/skuldeiser in geval van niebetaling van die rentegedeelte en die hoofbedrag wat geleen is

(5 × 2) (10)

5.2.2

- Verbandhouer/Skuldeiser/Leeninstelling of persoon sal omsien na die verbandeiendom waar sodanige eiendom onder die sorg en toesig van die verbandhouer geplaas word
- Wanneer die skuldenaar/verbandgewer die skuld delg, moet die verbandhouer die eiendom teruggee met al die vrugte wat die eiendom gedurende daardie tyd opgelewer het
- Wanneer die skuld gedelg word, moet die verbandnemer/skuldeiser die verband (dokument) kanselleer en dit teruggee of oorhandig aan die verbandgewer of skuldenaar

(3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.3 5.3.1 (a) Ingevolge die statute en die Maatskappywet word die direkteur gediskwalifiseer om as direkteur op te tree. Nee, hy kan nie die posisie van direkteur van die maatskappy beklee nie.

(b) As hy voortgaan om sy posisie as direkteur te beklee, sal dit op 'n ernstige (strafregtelike) misdaad neerkom.

(c) Die Maatskappywet verklaar dat tensy dit deur die hof gemagtig is, word 'n persoon uit sy amp verwyder op grond van wangedrag of diefstal en word hy gediskwalifiseer om as direkteur op te tree.

(d) Die hof het 'n diskresie, gegrond op die erns van die misdryf en die belange van die maatskappy, om bevoegdheid te verleen om as direkteur op te tree of nie. Die hof kan nie 'n persoon magtig om aan die bestuur van 'n maatskappy deel te neem sonder om ook te verklaar dat hy bevoeg is om as direkteur op te tree nie.

(4 × 2) (8)

5.3.2 (a) JA, jou vriend is reg.

(b) Die skuldeisers kan by die Hoë Hof aansoek doen om die (voorlopige) sekwestrasie van jou vriend se onderneming (skuldenaar se boedel).

(c) Die Insolvensiewet bepaal dat 'n skuldenaar 'n daad van insolvensie pleeg as hy skriftelik kennis aan enige van sy skuldeisers gee dat hy nie enige van sy skulde kan betaal nie.

(3 × 2) (6)

5.4
- Om aan die maatskappy verslag te doen
- Die ouditeur se hoofplig is om aan maatskappylede verslag te doen oor alle (finansiële en ander) rekeninge wat deur hom/haar ondersoek is, waaronder elke balansstaat, wins- en verliesstaat en enige ander dokument wat daarby aangeheg is.
- Die plig van redelike sorg
- Die ouditeur moet eerlik optree en met redelike sorg en vaardigheid anders kan hy/sy gedagvaar word vir skadevergoeding. Die ouditeur moet met vaardigheid, sorg en versigtigheid bevestig presies wat 'n redelik bevoegde, noukeurige en versigtige ouditeur behoort te doen.

(Enige soortgelyke of redelike verduideliking is aanvaarbaar) (4 × 2) (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou